Sosiale-Wetenskappe

DINSDAG – 21 JULIE

Merk geskiedinis akt 5 bl.163

Doen :

VERWERING.

Eenheid 1 bl 60. Verwering.

Weet wat by elke proses gebeur…

Lees deur die konsep van verwering sodat jy weet wat gedurende die proses gebeur.

- ♣ Fisiese verwering:
  - Ontvriesing.
  - Uitsetting en inkrimping.
- ♣ Chemiese verwering. + (sleutelwoorde)
- ♣ Biologiese verwering.

Doen aktiwiteit 1 Bl 62. Skryf net die ontbrekende woorde neer.

Merk geskiedenis Akt 5 Bl.163



Aktiwiteit 5: Hoe beïnvloed diskriminasie die individu?

LB bladsy 163 (Doelwitte: 4, 6)

Antwoorde

1. a) Die Groepsgebiedewet
   b) Die kontras is in die gelukkigheid van die mense. Alhoewel die mense in Distrik Ses arm was, het hulle 'n gemeenskapsgevoel beleef. Op die Kaapse Vlakte het die mense egter nie hul bure geken nie en het hulle op sandgrond en in 'n winderige omgewing sonder die vertroosting en sekuriteit van 'n bekende omgewing gewoon.
   c) Die eerste rede was om die herinneringe van die Distrik Ses-gemeenskap te bewaar sodat mense in die toekoms kan deel in die ervaring om daar te kon woon. Die tweede rede was om eer te betoon aan alle Suid-Afrikaners, dwarsoor die land, wat op hierdie manier behandel is en die leed ervaar het om hul huise van hulle af weggeneem te hê.
   d) As die antwoord positief is, kan die rede wees dat hierdie mense se lyding ten minste erken word en dat ander mense kan deel in hierdie gevoel van begrip en simpatie met wat met hulle gebeur het.
   As die antwoord negatief is, kan die persoon voel dat dit nie genoeg is om hulle te vergoed vir die pyn wat steeds teenwoordig is nie.

Aktiwiteit 6: Bantoe-onderwys